



## Onderwyserfasiliteerdersvraelys

**Voltooi asseblief hierdie vraelys voor opleiding. Merk in die toepaslike kolom.**

	<b>Stem saam</b>	<b>Stem nie saam nie</b>
1. Geletterdheidsontwikkeling begin in Graad 1.		
2. Kinders is geneig om vrymoediger te probeer praat as volwassenes aandagtig luister en reageer op dít wat hulle sê.		
3. As die moedertaal tuis gebruik word, gee dit kinders 'n goeie grondslag vir die aanleer van bykomende tale.		
4. Kinders moet aangemoedig word om slegs die skooltaal tuis te praat.		
5. Deur oor gedagtes, gevoelens of gebeure te praat, bou ons die soort taal wat vir skoolleer belangrik is.		
6. Fantasiespel/voorgeespel help kinders om ingewikkelder en meer abstrakte taal te ontwikkel.		
7. Kinders moet aangemoedig word om vrae op 'n ontspanne manier te vra en te beantwoord.		
8. Liedjies, ritme en rympies is pret, maar nie baie belangrik vir die aanleer van taal en geletterdheid nie.		
9. Kinders moenie toegelaat word om vrae te vra of hulle idees te deel terwyl 'n volwassene 'n storie voorlees nie.		
10. Voorlees aan kinders help hulle om goeie lesers te word.		
11. Jong kinders moet aangemoedig word om te 'lees' (kamma-lees) voor hulle begin skoolgaan.		
12. Speletjies wat letters en klanke insluit, help kinders om goeie lesers en skrywers te word.		
13. Om kinders te help om drukwerk om hulle (binne en buite) raak te sien, is 'n belangrike deel van die proses om te leer lees en skryf.		
14. Kinders met gehoorprobleme het dikwels ook leesprobleme.		
15. Vryehand-teken is tydmors en behoort nie tuis of in die klas gedoen te word nie.		
16. Jong kinders moet aangemoedig word om te 'skryf' (kamma-skryf) voor hulle begin skoolgaan.		
17. Ouers behoort nie by hulle kinders se geletterdheidsontwikkeling betrokke te raak nie aangesien hulle nie opgeleide onderwysers is nie.		
18. Selfs al sukkel ouers om te lees en te skryf, kan hulle steeds hulle kinders in die vroeë leerproses ondersteun.		
19. Deur saam met hulle kinders te speel, help ouers hulle kinders om te dink en te leer.		
20. Kinders leer makliker en met meer sukses in 'n liefdevolle en veilige omgewing.		

**Baie dankie dat jy hierdie vraelys ingevul het.**